VERSLAG VAN DIE DIREKSIE VAN DIE KINDERHUISE VIR DIE TYDPERK 1 MAART 2007 TOT 28 FEBRUARIE 2008

1. INLEIDING

Gedurende 2007 het die Kerk se kinderversorging sy 85ste bestaansjaar herdenk en het die DPS-sisteem sy tiende jaar van dienslewering bereik. Gedurende hierdie tien jaar het die wegbeweeg van sinodale barmhartigheid en inrigtingversorging, na barmhartigheid op ring- en gemeentevlak sy beslag gevind.

Gedurende die eerste 75 jaar van kinderversorging het die Nederduitsch Hervormde Kerk se inrigtings 'n verskil gemaak aan die omstandighede van bykans 4,000 kinders. Gedurende die volgende tien jaar het die Nederduitsch Hervormde Kerk reeds 'n verskil gemaak aan die omstandighede van 198 kinders. Die positiewe is dat 16 suksesvol gaan studeer het, 36 gevestig is in volhoubare woon- en werksituasies, 7 uitbeweeg het saam met die voormalige DPS-ouers en 86 suksesvol gevestig is by biologiese familie en vakansie-ouers. Hierdie resultate is behaal danksy mildelike ondersteuning deur verskeie strukture van die Nederduitsch Hervormde Kerk en met behulp van 19 Toesigkomitees, 20 Evaluasiekomitees, die NHSV, DPS-ouerpare, gemeentes en lidmate. 'n Terugblik dui dat die Heer van ons Kerk Sy Hand gehou het oor ons werk. Hy het voorsien aan middele, ondersteuning, bemoediging en inisiatiewe. In die proses het Sy Kerk se eienaarskap vir kinderversorging dramaties gegroei.

Intussen het die Direksie begin om sy dienslewering te verbreed na kinders buite die DPS-sisteem. Benewens die reeds gemelde 198 kinders in die DPS-sisteem is die omstandighede van 62 pleegkinders reeds geraak deur 5 Evaluasiekomitees en kon by wyse van assessering en terapie 'n verdere verskil gemaak word aan die omstandighede van kinders. Die beplanning vir 2008 is om die dienslewering vol te hou en op plaaslike vlak dienslewering uit te brei na alle kinders by lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk, waar Die Ondersteuningsraad toesigdienste lewer.

2. KINDERVERSORGING BINNE DIE DPS-STELSEL

2.1 Bestaande DPS-huise

NAAM	PLEEGOUERS	ADRES
Montana DPS-huis (Pretoria)	Jan en Doreth Henderson Tel. 012-5677158	Bloutulpstraat 294, Montana, Pretoria
Ninapark DPS-huis (Pretoria)	Hendrik en Ina Jooste Tel. 012-5656857	Verecundastraat 653, Dorandia, Pretoria
Potchefstroom DPS-huis	Mannetjie en Annatjie	Sitastraat 11,

	van Wyngaard Tel. 018-2944186	Potchefstroom
Elsburg DPS-huis	Vakant: Aanstelling in proses Tel. 011-8276806	Warrenlaan 3, Lambton Garden, Elsburg
Krugersdorp DPS-huis	Neels en Rose de Bruyn Tel. 011-6607506	Hawkstraat 1, Rant en Dal, Krugersdorp
Rustenburg DPS-huis	Dawie en Claurie Smith Tel. 014-5926170	Leydsstraat 9A Rustenburg

2.2 Evaluasiekomitees: DPS-sisteem

Evaluasiekomitees word multi-professioneel saamgestel vir elke DPS-huis se spesifieke behoeftes. Daar is 17 Evaluasiekomitee-vergaderings gehou wat die nodige ondersteuning aan ouers en kinders beplan het en veral na die assessering en behandelings-programme van die kinders omgesien het. Spesialis-terapeutiese dienste is ook ad hoc ingekoop in oorleg met Evaluasiekomitees soos en wanneer nodig.

Die praktyk het reeds uitgewys dat deeglike assessering van kinders ‘n voorvereiste is om enige behandelingsprogram op te stel. Kinders se nood is ook dikwels so multi-dimensioneel van aard dat meer as een professionele persoon se dienste nodig is. Die volgende professies word betrek:

- Predikant
- Psigiater
- Kliniese sielkundige
- Spraakterapeut
- Arbeidsterapeut
- Medici
- Maatskaplike werker
- Opvoedkundige

2.3 Dienswerk gelewer aan die kinders deur maatskaplike werker

Benewens deurlopende skakeling met biologiese ouers en verslagdoening aan Departement Welsyn is:

- 293 besoeke aan die kinders vir terapeutiese sessies gebring
- 111 onderhoude met pleegouers gevoer
- 67 kantooronderhoude met kinders gehanteer
- 34 groepsessies gehou.

Hierdie besoeke het geïmpliseer dat terapeutiese gesprekke met die kinders individueel en/of in groepsverband plaasgevind het. Aangeleenthede wat tydens hierdie sessies gehanteer is, was gebaseer op die gedrag van kinders soos hieronder by punt 2.4 vermeld. Dit is egter ook belangrik om te meld dat hierdie terapeutiese sessies ook gekonsentreer het op die positiewe aspekte van die kinders om daardeur te help bou aan hul selfbeeld. As daar na die kinders se prestasies gekyk word, dan besef mens dat die ouers en maatskaplike werkers baie goeie

insette gelewer het om die kinders se vertroue in hulself en hul selfbeeld uit te bou. Daar bestaan ‘n baie goeie samewerkingsverhouding tussen personeel van die Direksie van die Kinderhuise en personeel van Die Ondersteuningsraad.

Die omvang van dienslewering deur maatskaplike werkers van Die Ondersteuningsraad het intussen sodanig gegroei dat die dienste wat deur die Direksie van die Kinderhuise uitgekoop word, vanaf 1 Desember 2007 toegeneem het van 5 ure na 10 ure per week vir elke afsonderlike DPS-huis. Die Direksie van die Kinderhuise begin ook finansieel verantwoordelikheid neem vir dienste aan ander Evaluasiekomitees.

2.4 Profiel/gedrag van die kinders

Die volgende aspekte het deurlopend aandag geniet:

- Leuens
- Diefstal
- Slordigheid/onnetheid
- Aggressiewe gedrag
- Respek vir ander ontbreek
- Onderlinge swak verhoudinge
- Swak higiëne
- Depressie
- Pornografiese materiaal bekyk
- Skoolversuim
- Misbruik van alkohol/dwelms
- Vandalisme

2.5 Toekomsbeplanning

By verlating van die DPS-huis word meeste kinders gekonfronteer met reëlings vir

- geskikte werk,
- geskikte woonplek, en
- ‘n ondersteuningsnetwerk.

Twee jaar voordat ‘n kind die sisteem verlaat word ‘n doelgerigte beplanning in alle erns ontwikkel en bestuur. Danksy die ondersteuning van die Kommissie van die ADV, gemeentes en NHSV’s via die Toesigkomitees, word geen kind uit die DPS-sisteem onthef voordat ‘n doeltreffende beplanning in plek is nie. Waar finansies ‘n beperking is, word eerstens gesteun op bydraes vanaf plaaslike vlak en waar steeds tekorte ondervind word, hanteer die Direksie van die Kinderhuise die situasie met behulp van ‘n noodlenigingsfonds wat sedert 2006 funksioneer.

2.6 Herkomsnavrae

Volgens beleid vernietig die RSA regering alle lêers van kinders tien jaar na ontheffing. Omdat herkomsnavrae hierna steeds beantwoord moet kan word het die Direksie oor 85 jaar nog geen lêers vernietig nie. Die volume van lêers raak egter groot en sedert Januarie 2008 word reëlings vir tussenbewaring getref met ‘n buitefirma.

2.7 DPS-ouers

Die afgelope jaar is daar twee toerustingsgeleenthede aan die pleegouers gebied. By beide geleenthede is tesame met die ouers besin oor fokusareas vir toekomstige toerusting wat gedurende 2008 uitgevoer sal word.

Een egpaar het gedurende die verslagjaar bedank en een egpaar het die geleentheid benut om te verhuis om sodoende nader aan die pleegvader se werk te kan woon. Prosedures om geskikte pleegouers te identifiseer, te keur en aan te stel is baie moeilik. Personeelsterkte sal egter vroeg in 2008 weer voltallig wees.

3. VERBREDING VAN WERKSTERREIN

Benewens die intensiewe sorg aan kinders in DPS-huise, brei die Direksie van die Kinderhuise se verantwoordelikheid vir alle kinders wat op die Kerk se pad kom steeds uit met bykomende Evaluasiekomitees.

3.1 Evaluasiekomitees

Hierdie 4 komitees betrek 64 kinders wat binne die grense van 17 gemeentes geplaas is.

Die volgende dienste is vir kinders deur die Komitees gereël:

- Uitvoering van behandelingsprogramme
- Sielkundige dienste
- Oogkundige dienste
- Mediese dienste
- Skoolklere is aangekoop
- Registrasiegeld by skole is voorsien.
- Arbeidsterapie
- Spelterapie
- Voorsien rekenaars aan kinders (‘n skenking is ontvang)
- Aankoop van klere vir ‘n dogter se matriekafskeid
- Een kind is uit die pleegouers se sorg geneem en in ‘n kinderhuis geplaas.

3.2 Pleegsorg kampe

Die Ondersteuningsraad, die Kommissie van die ADV en die Direksie van die Kinderhuise is sedert 2006 gesamentlik besig om kampe vir pleegkinders te reël. Dit sluit ook pleegkinders in wat nie in die DPS-setlsel is nie. Hierdie kampe bied programme aan wat hom toespits op die verreiking van kinders se geestelike- asook psigies-emosionele lewe. Die volgende kampe is gedurende 2007 gehou:

- **Pretoria**

  Soveel soos 93 kinders het die kamp meegemaak en 25 studente van Philadelphia Gemeente was tydens die kamp teenwoordig en het met die programme gehelp.

  Terapeutiese groepsessies is deur agt maatskaplike werkers aangebied. Die kinders was in agt groepe ingedeel volgens ouderdom en geslag. Daar is ook elke oggend bewuswordingsessies deur die leraar en teologiese studente aangebied.

- **Ottosdal**

Die gemeente Ottosdal het die Rustenburg en Potchefstroom DPS-huise se kinders oor vier dae by ‘n kamp versorg. Die kamp het terapeutiese programme in terme van verhoudinge en lewensvaardighede aangebied asook die geestelike verryking van die kinders. Ds Theuns Botha en sy gemeente het ‘n groot rol gespeel en die kamp in totaliteit gereël en gefinansier.

- **Witbank**

  ‘n Suksesvolle pleegsorgkamp is in Mei 2007 met 16 pleegkinders gehou. Die kinders het voldoende terapeutiese sessies, godsdienstige verryking en ontspanning gedurende die kamp gehad. Die kinders het uit hul eie versoek dat dit ‘n jaarlikse instelling sal word. Die Ringsdiakensvergadering en plaaslike gemeentes van Witbank het die reëlings saam met Die Ondersteuningsraad kantoor gehanteer.

3.3 Navorsing oor eietydse tendense

Navorsing wat sedert 2003 deur die Direksie van die Kinderhuise onderneem word se resultate het reeds neerslag gevind in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se nuwe kategesehandleidings. Dit word tans bygewerk in die uitbouing van opleidingsgeleenthede vir DPS-ouers.

3.4 Gemeenskapsbetrokkenheid

In belang van kinders met probleme en spesifieke behoeftes het ‘n noue samewerking ontwikkel tussen die Direksie van die Kinderhuise en

- Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys
- Die Raad vir Gesinsorg
- Kommissie van die ADV
- Phyllis Robertson Tehuis
- Beeld se Kinderfonds, en
- to care

Hierdie betrokkenheid sal gedurende 2008 voortgesit en uitgebou word.

3.5 Wetgewing

Eietydse wetgewing maak dit al hoe moeiliker vir die Direksie van die Kinderhuise om sy dienste te lewer. Die Direksie laat hom deurlopend adviseer deur kundigheid ten einde kinders steeds te kan opvoed binne die Nederduitsch Hervormde Kerk se beskouings, sonder dat die Kerk blootgestel word.

3.5.1 Arbeidswetgewing

Arbeidswetgewing word verreken en sorg word gedra dat personeel binne grense van hierdie wette hanteer word.

3.5.2 *Kinderwet*

Die Wet op Kindersorg 74 van 1983 is vervang met ‘n omvangryke Wet 38 van 2005 wat 19 Junie 2006 gepubliseer is. Implementering van hierdie wet by wyse van gepubliseerde

regulasies het gedurende die verslagjaar in aanvang geneem, met vêrreikende gevolge. Pleegouers, Evaluasiekomitees en Toesigkomitees word dienooreenkomstig ingelig.

3.5.3 *Belastingwetgewing*

Eiendomme wat verhuur word was tot dusver net onderhewig aan betaling van BTW. Intussen het hierdie eiendomme die Direksie van die Kinderhuise ook begin blootstel aan inkomstebelasting en kapitaalwinsbelasting. Ten einde die Direksie se blootstelling te beperk is alle sodanige eiendomme vanaf 1 Januarie 2008 oorgedra na ‘n Eiendomsmaatskappy waarvan die Kinderhuise die direksielede aanwys en ook die aandele besit. Met ‘n tydige voorsiening drie jaar gelede van ‘n trustrekening vir eiendomme, kan hierdie proses hanteer word sonder om die bedryfsrekening noemenswaardig te benadeel. Die proses het egter aansienlike druk op die administrasie geplaas en sal ook in die toekoms bykomende administratiewe eise stel.

4. FINANSIES

Geld is nie alles nie, dog sonder geld kan mens niks doen nie. Finansieel word die Kinderhuise van die Nederduitsch Hervormde Kerk besonder goed gedra deur die Kerk.

4.1 Finansiële state

Die finansiële jaarstate vir die tydperk 1 Maart 2007 tot 28 Februarie 2008 dui weereens op finansiële stabiliteit en kan die Direksie gedurende die volgende termyn fokus op sy verbrede visie. Hierdie state is tans in proses van verwerking en behoort teen einde Maart 2008 beskikbaar te kan wees.

4.2 Beeld Kinderfonds

Beeld Kinderfonds het op 30 Maart 2007 R484,092.73 aan ons Kerk oorbetaal teen die R333.260.45 wat ons inbetaal het. Dit verteenwoordig ‘n dividend van 46.6%. Ter ondersteuning van die Kinderfonds se reklame in die dagblad Beeld, word terugvoer verlang ten opsigte van spesifieke doelwitte wat met Beeld Kinderfonds-gelde nagestreef en bereik is. Die besteding van hierdie R484,092 was as volg:

- Die Ondersteuningsraad - R135,000
- Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys - R 55,000
- Terapeutiese Trustfonds - R 40,421
- Pleegouerondersteuningsfonds - R 50,567
- Opvoedingsuitgawes - R 25,056
- Klere - R 22,510
- Voedsel en kruideniersware - R155,538

4.3 Ondersteuning deur NHSV’s Ringe en Gemeentes by DPS-huise

Oor jare heen het gemeentes en ringe spontaan eienaarskap geneem vir DPS-huise en sodoende die finansiële druk op die Direksie van die Kinderhuise verminder deur op grondvlak ‘n verskil te maak aan ons kinders se omstandighede by wyse van:

- Finansiële bydraes
- Skenk van voedsel, klere en toerusting
- Vakansiereëlings van kinders

- Borg van buitengewone uitgawes soos operasies, ortodonsie, herstel van voertuie/toerusting, herstelwerk aan die huise
- Werksgeleenthede vir skoolverlaters.

Baie van hierdie bydraes kan nie in randwaarde uitgedruk word nie, maar beloop verligting ter waarde van duisende rande. Ter wille van ‘n ordelike behoud en vaartbelyning van die Kerk se betrokkenheid, het die volgende indeling van ringe by DPS-huise gevestig en word u versoek om so vêr as moontlik daarby te hou.

RUSTENBURG DPS-HUIS Rustenburg Zeerust Krokodilrivier	**ELSBURG DPS-HUIS** Germiston Heilbron Pietermaritzburg Noordelike Natal Brakpan Johannesburg Vereeniging Swellendam Port Elizabeth Bloemfontein Chrissiesmeer Heidelberg Zuurfontein
MONTANA DPS-HUIS Noordelike Pretoria Waterberg Zoutpansberg Middelburg Lydenburg Laeveld	**NINAPARK DPS-HUIS** Pretoria-Noord Pretoria-Wes Pretoria Zimbabwe Dorsland Wes-Kaapland Bronkhorstspruit Trichardsfontein
KRUGERSDORP DPS-HUIS Krugersdorp Potgietersrus Losberg Roodepoort	**POTCHEFSTROOM DPS-HUIS** Potchefstroom Maquassi Klerksdorp Noord-Kaapland Bothaville

Betrokkenheid deur lidmate, gemeentes, NHSV's en ringe by 'n DPS-huis bly altyd vrywillig en spontaan. Daar is egter 'n groeiende tendens van gemeentes wat verteenwoordiging stuur na Toesigkomitee-vergaderings en wat selfs vra vir notules.

5. DANKBETUIGINGS

- Dit is met groot dankbaarheid teenoor ons **Hemelse Vader** dat daar mense en middele in en buite ons Kerk is wat meehelp met hierdie kinders se versorging.
- Die **Kommissie van die Algemene Kerkvergadering** wat ook die Ledevergadering van die Direksie van die Kinderhuise is, se bystand en visie word hoog waardeer.
- Die **Kommissie van die Algemene Diakensvergadering** vir sy insette en ook sy gesindheid om kinderversorging hoog te ag en ook op 'n konkrete wyse daarby betrokke is.
- Dank en waardering aan al die **Ringsdiakensvergadering** en hul **Kommissies** wat ook hierdie verslag in hul agenda opneem, behandel, die nodige ondersteuning bied en bemarking vir die saak van kinderversorging in ons Kerk doen.
- Dank aan **elke gemeente** wat finansieel bygedra het maar ook op vele ander wyses behulpsaam is.
- Die bydrae wat die **NHSV** van sinodale vlak tot op gemeentevlak en by elke DPS-huis lewer, is en bly vir die Direksie van groot en onontbeerlike waarde.
- Dank aan elkeen van die **pleegouers** wat baie opofferings doen om vir hierdie kinders 'n beter toekoms te help skep. Sonder u sou hierdie dienswerk nie moontlik wees nie.
- Dank aan al die lidmate wat op 'n persoonlike wyse baie vir ons kinders doen, as vakansie-ouers optree en finansiële bydraes tot die versorging van ons kinders bydrae

_____

Dr JA Oberholzer
Bestuurder